# 'N LEWE VAN SEËN

## Deel 8 – Ons Reaksie op Teenstand

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe hanteer jy in die algemeen kritiek of weerstand van mense?**

---

---

---

**Wat staan vir jou uit van hierdie reeks wat ons deurgewerk het?**

---

---

---

**Jesus het gesê, as Christene, sal ons teenkanting in hierdie lewe beleef. Hoe laat dit jou voel dat mense nie van jou oortuigings gaan hou nie?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Timoteus 3:12 en Johannes 15:20. Hoekom vergeet ons so baie keer hierdie waarhede en is ons verbaas as dit wel gebeur?**

**1 Petrus 4:14. Waarop wys vervolging volgens hierdie vers? Hoe dink jy skakel dit met die feit dat ons in 'n geestelike oorlog is met die duiwel as vyand?**

**Matteus 5:11. Watter drie dinge noem Jesus sal gebeur omdat ons Hom volg? Watter van hierdie elemente het jy al in jou lewe as 'n Christen beleef?**

**2 Timoteus 2:23-25. In hierdie 3 verse word 6 dinge genoem wat gelowiges moet doen en nie moet doen nie. Kyk of jy almal kan identifiseer. Watter van hierdie staan vir jou uit? Verduidelik. Wat is die moontlike gevolg as ons die bogenoemde doen volgens vers 25?**

**Romeine 1:16. Hoe dink jy kom ons by hierdie oortuiging en hoe staan ons vas daarin?**

**Op watter manier kan jy vir mense goed wees in hierdie komende week? Hoe kan jy goed wees vir mense wat nie noodwendig goedgesind is teenoor jou nie? Hoe kan jy verseker dat dit help mense die liefde van God beleef?**

**Op watter plekke word jy uitgedaag om vas te staan as Christen? In watter situasies word jy versoek om nie openlik vas te staan as 'n Christen nie of word jy versoek om jou te skaam vir die evangelie? Hoe kan jou kleingroep vir jou daarvoor bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**